Projekles

Vertel, vertel!!

Makhathini en Msinga

Voorbereiding

1. Maak die plakkaat:
2. Berei 3 speletjies voor.

Die speletjies moet die ervaring skep dat 'n boodskap verkeerd, onduidelik en onverstaanbaar oorgedra kan word.

Verkeerd

Telefoontjie

Indien jy baie plek het, kan die kinders ver uitmekaar staan en die "boodskap" oordra, andersins fluister hulle net in die een wat langs hul sit, se oor. Met 'n baie groot groep kan dit met 'n paar kinders op die verhoog gedemonstreer word.

Vertel, vertel!

Romeine 10:11-14

11: Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.

Niemand nie!!

14: Maar hoe gaan hulle hoor -

Verkeerd? Onduidelik? Onverstaanbaar?

NEE

... want Kix stuur vanjaar "Vertel, Vertel" – boekies met Bybelverhale in Zoeloe na die kinders in Makhathini en Msinga.

Skryf die boodskap op 'n papiertjie en wys dit vir die eerste kind. Daarna hou jy dit by jou waar niemand kan sien nie en teen die einde vergelyk julle die resultaat met wat op die papier gestaan het.

Voorstel vir die boodskap: "Die kinders in Makhathini en Msinga praat Zoeloe."

Die boodskap sal waarskynlik nie reg by die laaste kind uitkom nie. Dit is hoe die boodskap van Jesus ook verkeerd gehoor word. Die laaste een kan regtig nie help dat hy die verkeerde boodskap het nie.

Onduidelik

Vae Opdrag

Jy gaan die vertrek verlaat, maar stel een kind aan om buite die vertrek by jou 'n opdrag te kry van wat die groep moet doen tot jy terugkom.

Die opdrag: "Neem dié R5 en gaan om die sirkel. Die kind agter wie jy die R5 neersit, moet jou jaag."

Laat hulle 'n rukkie probeer. Hopelik raak hulle ge-frustreerd omdat hulle nie presies weet wat om te doen nie. Dan kom jy in en verduidelik dat die pro-bleem die onduidelike opdrag was en dat mense dikwels nie die waarheid van die evangelie kan verstaan nie omdat dit nie duidelik oorvertel word nie.

Onverstaanbaar

Skryf op my rug

Al die kinders kan hieraan deelneem of jy kan weer net met enkeles dit demonstreer.

As almal deelneem, maak julle 2-2 maats en die een skryf met sy vinger 'n boodskap op die ander se rug. Raai dan wat het jou maat op jou rug geskryf.

Vir 'n demonstrasie plak jy 'n papier op een of meer kinders se rûe. Elkeen kry 'n maat wat dan met 'n pen op sy rug skryf. Hy raai wat is geskryf en sy antwoord word vergelyk met wat op die papier staan.

So kan die boodskap van Jesus ook heeltemal onverstaanbaar oorgedra word, veral as mense nie dieselfde taal praat nie.

Aanbieding

1. **Speel** die 3 speletjies en pas elke keer die ervaring toe soos in die voorbereiding verduidelik is.
2. **Plakkaat:** Wys nou ons plakkaat en laat hulle die teks lees.
3. **Gee inligting:** In die Makhathini vlakte en Msinga woon daar baie kinders. Baie van die kinders is weeskinders. Ds Lourens Schoeman werk in Msinga en ds Louwrens van der Westhuizen in Makhathini. Hulle sal sorg dat daar prag-tige boekies met Bybelverhale in Zoeloe by die onderwysers, kinderhuise en kerke uitkom sodat die kinders die waarheid verstaanbaar in hul eie taal kan hoor.
4. **Die Projek:** Die naam van die boekies is "Vertel, vertel!". Ons kan die boekies in Afrikaans vir onsself aankoop en ons kan geld insamel om dit in Zoeloe vir hulle te stuur. Elkeen van julle wat graag aan die projek wil deelneem, kan so 'n voublad kry. Voorop is die voorblad van die regte boekie. Dit kan jy inkleur. Jy skryf jou naam op die boekie en elke keer as jy R5 vir die projek bring, plak ons 'n kol in jou blad. Twaalf vyfrande is R60. Dis genoeg om een boekie te stuur. (Posgeld ingesluit)
5. **Liedjie:** Ons het 'n liedjie vir die jaar se projek geskryf. Die woorde en musiek is onderaan hierdie bladsy en daar is ook 'n opname op ons webtuiste. Sing dit lekker saam. Julle kan saam met die liedjie die volgende aktiwiteit doen:

Staan in 'n kring. Elkeen plaas sy regterhand op die kind links van hom se linkerhand met die handpalm na bo. Gee nou terwyl julle sing vyfrande vir mekaar aan op elke eerste telling van die maat. Sodra 'n R5 deur 'n ander R5 ingehaal word, word daardie R5 in 'n bakkie wat in die middel van die sirkel staan, gegooi. Begin dan weer voor met die liedjie.

Kyk hoe gou julle dit kan regkry om die hele liedjie deur te sing sonder om 'n R5 in die bakkie te sit.

6. **Maak mooi -** Die kinders kan nou hulle plakkaat of hulle voublad mooi versier. (Tensy jy belangstel om 'n inkleurkompetisie te hou.) Gebruik alles wat julle het - kryte, verf, "glitter" of iets dergliks. Probeer veral om die plakkate so kleurvol te maak dat julle dit kan opsit waar almal dit sien en dit heeljaar aandag kan trek.

7. **Sluit af -** Sê saam: "Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie. NIEMAND NIE!! Nie hier nie en ook nie in Makhathini en Msinga nie!!" Bid nou saam vir die projek.